

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring; want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het; en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort. Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is; hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 51:8 (p. 262)

- 8 Gebroke hart en gans verslae gees – / dit is u offers, HEER! Geen altaardiere, geen bloed of vet van kleinvee of van stiere, / kan voor u oog die ware offers wees. Doen goed aan Sion, wees dit welgesind, / en bou weer op Jerusalem se mure; dan sal ons hand die regte offers vind, / brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Gebed

Skrifberyming 2-1:1, 2 (19:1, 2)

- 1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer, / die vaderhuis my wank'le voetstap keer. "My vader, sal ek sê, van misdaad sku, / "my sonde is teen die hemel en voor u."
- 2 "Ek het van hoë kindskap neergestort / en is nie werd u seun genoem te word, as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees."

Skriflesing: Lukas 7:36-50; Heidelbergse Kategismus, Sondag 1:2

Kernvers: Lukas 7:47

Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde.
(Lukas 7:47 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 2:

Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde, hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Efes 5:8. (b) Joh 9:41; Rom 3:10; 1 Joh 1:9, 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12; 10:43.

(d) Efes 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15.

Tema: Jy kan verseker in God se troos lewe en sterwe

Geliefde gemeente van Jesus Christus, vraag en antwoord 2 in ons Kategismus is 'n saak wat naas die kruisdood en opstanding van ons Here Jesus verseker die meeste gehoor en bely word deur die kerk. Van kleins af hoor ons in die katekisasie dat daar drie dinge is wat ons moet weet, naamlik **hoe groot my sonde en ellende is, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word, en hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees**. By herhaling kom dit in Skrifgedeeltes en preke voor. Ons hoor hierdie drie dinge weerklink in die doopformulier vir kinders en volwassenes.

Die feit dat hierdie drie dinge so by herhaling deur die kerk gehoor en bely word, wys ons daarop dat dit van die allergrootste belang vir ons is. Dit word nie sommer maar net herhaal om ons te verveel nie. En solank as wat ons wag op die koms van ons Here Jesus Christus sal hierdie drie dinge herhaaldelik gehoor en bely word.

Maar hoekom is juis hierdie drie dinge van so 'n groot belang, mag iemand vra. Hierdie vraag word soms ook verwykend gestel deur sommige mense. Volgens dié mense lê die gereformeerde leer 'n te swaar klem op kennis. Luister net na die vraag: **Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te lewe en sterwe?**

Tog is hierdie drie dinge nie net verstandelike kennis nie; hier gaan dit immers ook oor hartkennis. Met my verstand en my hart moet ek weet – ek moet oortuig wees – en dit is geloofskennis waaruit dade van die geloof voortvloei. In die eerste vraag van Sondag 1 bely ons met ons mond en glo ons met ons hart: **Ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort**. Met hierdie woorde bely ons wat ons van harte glo ons troue Verbondsgod vir ons gedoen het. Met die bloed van sy geliefde Seun het Hy ons losgekoop van alle heerskappy van die duiwel, Hy bewaar ons van alles wat ons van Hom wil vervreem, en Hy verseker ons van die ewige lewe. Dit alles doen God vir ons.

Nou verwag ons om te hoor wat ons moet doen. En hierdie verwagting is heeltemal geregverdig. Die verbond het immers twee kante. God het eerste gedoen. Uit genade het Hy sy hand deur sy Seun na ons uitgereik en met die krag van Jesus se kosbare dood het Hy ons opgetel uit die ellende waarin ons onself gestort het. Nou bly daar vir ons oor om ons kant van die verbond na te kom. Daarom vra ons katekisasiemeester vir ons in die tweede vraag: **Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?**

Geliefdes, omdat ons so by herhaling hierdie dinge hoor en bely, antwoord 'n mens sommer kort en kragtig uit die kop uit: Ek moet **drie dinge** weet: **Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is; ten tweede, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word; en ten derde, hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees**. Omdat ons hierdie woorde so maklik en miskien ook onbetrokke kan opsê soos 'n resitasie, sê ons weer dat hierdie nie net ken met ons verstand is nie. Die troos is immers nie net vir ons verstand bedoel nie. Dit is ook vir ons hart, ons siel, ons hele menswees bedoel. Om te verstaan hoe ingrypend belangrik hierdie tweede antwoord werklik is, rig die Heilige Gees ons gedagtes op die gebeure in Simon die Fariseër se huis soos dit vir ons beskryf word in Lukas 7.

Terwyl Jesus nog in Galilea was, het 'n Fariseër met die naam Simon vir Jesus op 'n dag genooi om by hom te kom eet. Hoewel daar in daardie stadium reeds wrywing tussen Jesus en die Fariseërs was, het Jesus nie hierdie uitnodiging van die hand gewys nie. En omdat Jesus deur die Vader gestuur is om Hom aan sy volk te verkondig, het Jesus Hom volledig aan sy Vader se wil onderwerp. Hy het in die huis van die Fariseër ingegaan en aan tafel plek ingeneem.

Wat Simon se motivering was om Jesus vir ete te nooi, word nie vir ons geopenbaar nie. Hy kon Jesus genooi het om Hom uit te vra oor sy gesag waarmee Hy alles sê en doen. Of moontlik het hy

Hom genooi om vir homself seker te maak of Jesus nie werklik die Christus is wat sou kom nie. Een ding is beslis seker, hy het Jesus nie genooi om aan Hom eer te bewys omdat hy Jesus hoër as homself geag het nie. Hy spreek Jesus immers op gelyke voet aan. Hy noem Hom *meneer* of *meester*. Hy beskou Jesus nie as 'n profeet nie.

Onderwyl die maaltyd aan die gang was, het daar 'n sekere vrou ingekom. Almal wat saam met Jesus aan tafel was, het geweet watter reputasie die vrou in die dorp het. Sy het haarself oorgegee aan 'n lewe van sonde. Toe sy in die vertrek kom waar hulle geëet het, het die mense seker dadelik hulle asem opgehou. Wat gaan nou gebeur? Dit is tog 'n vrou wat berug is vir haar reputasie en sy waag dit so werklikwaar om in die huis van Simon in te gaan. Aan haar mag 'n mens nie eers raak nie, want jy sal onrein word, het die Fariseërs geglo.

Vir ons is dit vreemd dat 'n ongenooide somer so by 'n maaltyd opdaag soos wat hierdie vrou gedoen het. Maar in die tyd van die Nuwe Testament was so iets nie vreemd nie. Baie arm mense het buite die deur in die binnehof van ryk mense se huise gesit en wag om van die krummels te eet wat van die tafel afval. As dit 'n ander arm vrou of man was wat in die vertrek ingestap het, sou niemand seker eers ag geslaan het op die persoon nie. Maar nou is dit 'n vrou van wie almal aan tafel haar sondige lewe ken.

Sy het 'n albasteflessie met reukolie in haar hand en sy stap reguit na Jesus toe om agter Hom by sy voete te kniel. Almal aan tafel gluur haar met verwyt aan. Hoe kan sy met so 'n vuil lewe so vermetel wees. Wanneer sy dan by Jesus se voete kniel, breek sy die flessie oop. Hierdie reukolie het sy seker nog met geld gekoop wat sy uit haar sondige lewe verdien het. Maar nog voordat sy die duur olie oor Jesus se voete kon uitgiet, bars sy in tranen uit. Onbeheersd huil sy en haar tranen drup op Jesus se voete neer so erg huil sy.

Eers toe sy weer beheer oor haarself kry en besef wat sy gedoen het, wil sy haar tranen van Jesus se voete afdroog. Sy waag dit nie om sy voete met haar rok af te droog nie, maar sy maak haar hare los en daarmee droog sy sy voete af. Daarna het sy Jesus se voete gesoen en die reukolie oor sy voete uitgegiet en dit ingesmeer.

Simon sit, aan die een kant, verslae en toekyk wat daar in sy huis aan die gebeur is. Aan die ander kant wonder hy by homself hoe hy van hierdie vrou ontslae kan raak wat so 'n spektakel van haarself kom maak het. Simon is verslae. Hy het gedink: Miskien is hierdie Jesus regtig die Christus wat sou kom. Maar nou is hy oortuig dat dit nie kan wees nie. Daarom sê hy by homself: **Hy, as hy 'n profeet was, sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondares is.** (Lukas 7:39 AFR83)

Simon het verwag dat as Jesus werklik 'n profeet is, hy die vrou ten minste met sy voete sou weggestoot het, maar hy doen dit nie. Omdat Hy egter die Seun van God is, weet Hy presies wat in die gemoed van die vrou aan die gang is en weet Hy ook van Simon se gedagtes.

Toe breek Jesus die spanning. Hy sê:

Simon, Ek het iets om vir jou te sê (Lukas 7:40 AFR83).

Simon is gretig om te hoor wat Jesus gaan sê. Hy verwag dat Jesus aan hom 'n wenk sal gee hoe om van sulke lastige mense soos hierdie vrou ontslae te raak. Maar Jesus vertel 'n gelykenis aan hom. Hy luister daarna, maar op die ou end verstaan hy nie regtig wat Jesus daarmee bedoel nie. Wat het die twee mense wat geld geskuld het nou eintlik te doen met die slegte vrou en wat gebeur het?

Die gelykenis was 'n bekende beeld aan Simon. Fariseërs was gewoonlik welgestelde mense en

hulle het ook geld aan mense geleen. Maar die afskryf van skuld was iets heeltemal onbekend aan hom. So iets bestaan net nie. Daarom moet hy ook maar veronderstel wat die regte antwoord op Jesus se vraag is. Ek veronderstel dié een wat die meeste skuld kwytsgekeld is, het die meeste liefde bewys, het Simon geantwoord. Soos die profeet Natan destyds met Dawid gemaak het, doen Jesus ook hier met Simon, as Hy sê: Jou antwoord is heeltemal reg.

Geliefdes, hierdie vrou het gehoor Jesus is in die huis van die Fariseër. Sy het gehoor toe Hy in die dorp van die verlossing en vergifnis van sondes gepreek het. Sy het gehoor dat God alle sondeskuld afskryf so asof 'n mens nooit enige sonde gedoen of gehad het nie. Die Heilige Gees het haar hart ontvanklik gemaak vir Jesus se woorde. En sy het na haarself gekyk en gesien in watter groot en ellende en sonde sy verkeer. Vroeër het sy ook haar daade en lewe in oënskou geneem. Maar vroeër was haar leefstyl net 'n alternatief op die ander mense se lewens. Sy moes leef, en om 'n bestaan te voer het sy haar oorgegee aan 'n sondige lewe. Baie mense wou niks met haar te doen hê nie, maar sy het geld gemaak en kon lewe. Uit die sinagoge is sy verban en die gelowiges het nie eers gewaag om met haar te praat nie. In die duisternis van die sonde kon sy nie sien hoe vuil haar lewe was nie.

Maar toe Jesus in die dorp kom en sy lig ook oor haar lewe straal, het sy besef dat haar lewe 'n totale gemors is. Eers toe die Heilige Gees haar oë oopgemaak het met die woorde van Jesus het sy besef hoe groot haar sonde en ellende is. Sy het die eerste ding geweet wat nodig is om in die troos van die troue Verbondsgod te lewe en te sterwe. En hoe langer sy na Jesus geluister het, het sy ook die tweede saak te wete gekom. Jesus is die enigste Een wat haar van al haar sonde en ellende kan verlos.

Toe sy daar in die huis van Simon ingekom het, was dit nie meer dieselfde vrou wat die mense aan tafel vroeër geken het nie. Simon sê nog by homself: Sy is 'n sondares. Jesus ken haar egter beter as wat Simon ooit kon gedink het. En in sy gesprek met Simon sê die Here: Nee, Simon, sy is nie meer 'n sondares nie. Sy was 'n sondares. Sy het nie 'n spektakel van haarself gemaak nie. Die trane wat sy gestort het, het uit 'n gebroke en berouvolle hart gekom. Toe sy by Jesus se voete gekniel het, het sy opnuut besef watter groot genade God aan haar bewys het. Jesus het al haar sondes weggeneem toe sy dit berouvol voor God bely het. En sy het nou gekom om haar dank aan God te bewys. Sy offer haarself op vir die Here.

In haar gehuil bid sy tot God en smee om vergifnis van al haar sondes. In die voet-wassing dien sy die Here met die mees vernederende diens wat daar was. Die was van voete was slawe werk. In die afdroog van sy voete word haar liefde vir Christus uitgestal. In haar soene op sy voete erken sy dat Hy haar Here is; sy is aan Hom onderdanig. In die salwing van sy voete stort sy haar dankbaarheid in strome voor God uit. Sy het waarlik tot die kennis van die derde saak ook gekom, naamlik hoe om God dankbaar te wees. Maar sy het dit nie net te wete gekom nie, sy doen dit ook. Sy offer haarself in dankbaarheid vir God omdat sy ook in die ware troos mag deel.

Maar Simon die Fariseër, hy het homself nie aan 'n sondige lewe oorgegee nie. Kon hy nie ook vergifnis van God ontvang het nie? Kon hy nie ook in die ware troos gedeel het nie? Hy kon verseker ook deel gehad het aan die troos, geliefdes. 'n Mens hoef jouself nie eers totaal in die grootste ellende en sonde oor te gee voordat jy aan die ware troos deel kan hê nie.

Simon het wel nie sulke afskuwelike sondes soos hierdie vrou gepleeg nie. In totaal was sy sonde seker baie minder as die vrou s'n. Maar dit het hom nie minder skuldig gemaak nie. Selfs net die oortreding van een gebod laat jou skuldig staan voor God, skuldig aan die hele wet. Of jy nou R500 of R50 rand skuld, maak nie saak. Die feit bly staan, jy het skuld en as jy niks het om mee te betaal nie, is jy in net so 'n groot gemors as die een wat R500 skuld.

Simon is ook skuldig, ook 'n sondaar, maar hy wil dit nie besef nie. Hy wil nie weet in watter groot ellende hy verkeer nie. Inteendeel, hy het homself voor God geregverdig deur homself beter te ag as

die vrou voor God. En omdat hy beter is, het hy ook nie Jesus nodig nie. Hy sal homself verlos deur die wet te onderhou. Omdat hy nie geweet het hoe groot sy sonde en ellende is nie, het hy gemeen dat hy ook nie iemand anders nodig het om verlos te word nie. Trouens, hy het gedink sy sonde is nie so erg nie, hy sal dit sommer self uitwis deur die wet te gehoorsaam. Daarom het hy ook nie 'n poging aangewend om enige diens, liefde of dank aan God te bewys nie.

Geliefdes, hier gaan die twee sondaars se weë uiteen. Die vrou het haar sonde geken en bely, sy het Jesus haar Verlosser geken en in Hom geglo, en sy het geweet dat sy aan Hom dank moet bewys. Sodoende is haar behoefte aan troos bevredig. By Jesus, haar Verlosser, het sy die ware troos gekry en haar dankbaarheid was die wyse waarop sy die troos belewe het. Om haar die sekerheid te gee dat sy regtig deel het aan die troos sê Jesus drie kort sinnetjies vir haar:

Jou sondes is vergewe (Lukas 7:48 AFR83).

Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede (Lukas 7:50 AFR83).

Maar Simon het homself te hoog geag om hom te bemoei met kennis oor sulke dinge soos sonde, verlossing en dankbaarheid. Hy het die noodsaaklike dinge van die godsdiens gedoen. Hy het net die nodige vriendelikheid aan Jesus bewys, maar nie 'n duim verder uit sy pad gegaan om Jesus welkom te laat voel in sy huis nie. Dit was benede hom om soveel kennis van homself en van God te hê. Omdat hy min sondes voor God bely het, is min hom ook vergewe, daarom is sy liefde ook maar min en net die noodsaaklikste.

Geliefdes, so ingrypend belangrik is die antwoord op die tweede vraag. Hierdie vraag en antwoord bring ons voor 'n besliste keuse. Jy kan die nodigste dinge doen en dink jy beleef die ware troos. Of jy kan jouself verneder deur hierdie drie dinge beslis te ken en te doen, dan sal jy verseker in die ware troos lewe en sterwe. Ons almal staan met leë hande voor God, ons kan nie ons skuld betaal nie. Maar hulle wat ook hulle hart breek en berouvol aan die kruis van Christus, hulle Verlosser, vasklou en dank aan God bewys, hulle het regtig 'n lewe en sterwe in troos.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-1:5, 6, 7 (19:5, 6, 7)

- 5 "Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees."
- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / "Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 "Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eind'lik weer gevind."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Julie 2013